Graaff-Reinet

Juweel van die Karoo

—deur Peter Hammond

Graaff-Reinet is geseën met meer as 220 erfenisterreine – meer as op enige ander dorp in Suid-Afrika! Graaff-Reinet bied baie manjifieke voorbeelde van Kaaps-Hollandse argitektuur en vier uitsonderlike museums word hier aangetref.

Graaff-Reinet is genoem na die goewerneur van die Kaapkolonie, Cornelius Jacob Van der Graaff en sy vrou, wie se nooiensvan Reinet was.

Riviere van Lewende water

Omring deur die Kamdebo Nasionale Park is Graaff-Reinet die juweel van die Groot Karoo. 'n Oase in 'n plek van dors. Gevolglik is dit 'n gepaste plek vir konferensies vir evangeliste omdat ons daartoe geroep is om strome van lewende water uit ons binneste te laat vloei in 'n droë en sekulêre samelewing.

Sterrekyk

Graaff-Reinet word erken as een van die beste plekke om die sterrestelsels in die hemelruim te besigtig – sonder die besoedeling van beboude gebiede.

Huis van Andrew Murray-gesin

Die bekende Suid-Afrikaanse sendeling aan die Voortrekkers, Andrew Murray, wie se bediening met die uitsonderlikste herlewing in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geskeie is, die 1860-Herlewing, is op Graaff-Reinet, waar sy pa die dominee was, gebore. Hier het hy ook grootgeword. Dr. Livingstone het Graaff-Reinet as die 'pragtigste dorp in Afrika' beskryf.

Die NG kerk

Die Reinethuis

Die Drosdyhotel

Republikeinse rebellies

Graaff-Reinet is in 1786 deur die Verenigde Oos-Indiese Compagnie (VOC) gestig. Dit is genoem na die goewerneur van die Kaapkolonie, Cornelius Jacob Van der Graaff en sy vrou, wie se nooiensvan Reinet was. In 1795, het die burgers teen die belastings van die VOC in opstand gekom deur die landdros van sy pos te onthef en 'n republiek uit te roep.

Die inval van Suid-Afrika deur die Britte, juis toe Nederland deur Franse revolusioniste ingeneem is, het die Nederlandse regering verhoed om hierdie uitdaging deurslaggewend te hanteer.

Onstuimige tye

In April 1799 is Marthinus Prinsloo, die leier van die Republikeine en 19 ander manne gearresteer en in die Kasteel in Kaapstad gevange gehou. Daar is hulle ter dood veroordeel, maar die vonnisse is nie voltrek nie en die gevangenes is vrygelaat. In Maart 1803 is die Kaap aan Nederland terug oorhandig. In 1801 was daar weer 'n opstand in Graaff-Reinet.

Graaff-Reinet word erken as een van die beste plekke om die sterrestelsels in die hemelruim te besigtig – sonder die besoedeling van beboude gebiede.

Republikeinse weerstand

Dit is geen verrassing dat groot getalle van die Voortrekkers uit Graaff-Reinet gekom het nie. Graaff-Reinet bly steeds die bakermat van Republikeinse regering in Suid-Afrika. Die Kaapkolonie het in 1872 'n mate van onafhanklikheid verkry toe die Verantwoordelike Regering ingestel is en 'n treinspoor voltooi is wat Graaff-Reinet met Port Elizabeth verbind het.

Anglo-Boereoorlog

Gedurende die Tweede Anglo Boere-oorlog (1899 – 1902) het Graaff-Reinet 'n hoofsentrum van Britse militêre operasies in die Oos-Kaap geword. Nege Boere is by Graaff-Reinet ter dood veroordeel en voor 'n vuurpeleton tereggestel. Die Burgermonument in Donkinstraat »

Die 'Victory Peace Angel' opgerig ter herdenking van dié wat hulle lewens verloor het tydens die Tweede Wêreldoorlog

Die stadsaal van Graaff-Reinet



Graaff-Reinet

Juweel van die Karoo

Kamdeboo Nasionale Park omring Graaff-Reinet

herdenk die gesneuwelde Boere.

Opvoedingsentrum

Graaff-Reinet Onderwyskollege was 'n belangrike opvoedingsentrum van 1906 tot en met 1994.

Die Nederduits Gereformeerde Kerk op die dorp se argitektuur is soortgelyk aan die Salisbury Katedraal en bied sitplek vir 1 500 mense.

Graaff-Reinet is 2 460 voet (750 m) bo seespieël geleë en is aan die oewer van die Sondagsrivier naby die Sneeuberge gevestig.

Graaff-Reinet is die tuiste van meer nasionale monumente as enige ander dorp of stad in Suid-Afrika. Die Vallei van Verlatenheid is ook naby Graaff-Reinet.

Graaff-Reinet beskik oor 'n florerende mark vir landbou, en is veral bekend vir sybokhaar-, merinoskaap-, en volstruisboerdery.

Beroemde inwoners van Graaff Reinet

Van die prominente inwoners sluit in:

- Andries Pretorius (1798 – 1853), die oorwinnaar by die slag van Bloedrivier en die Groot Trekleier na wie Pretoria genoem is.
- Andries Hendrik Potgieter, die oorwinnaar van die Slag van Vegkop en die Groot Trekleier na wie Potgietersrus genoem is.
- Gerrit Maritz, die Groot Trekleier na wie Pietermaritzburg deels genoem is.
- Martinus Wessels Pretorius (1819-1901), die Boere-kommandant en staatsman wat die president van die Suid-Afrikaanse Republiek geword het (1857 – 1871).
- Andrew Murray jr. (1828-1917), die Christen-sendeling, pastoor en outeur wat die nouste geassosieer word met die 1860-Herlewing. Andrew Murray troon uit as die produktiefste outeur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis met die publikasie van meer as 240 van sy boeke. Ruim oor die twee miljoen eksemplare van sy boeke is deur die jare heen gedruk en verkoop. Andrew Murray se boeke is in meer tale vertaal as dié van enige ander Suid-Afrikaanse outeur tot op datum.
- Beroemde sakeman, Anton Rupert (1916 – 2006) is op Graaff-Reinet gebore en het daar grootgeword.
- Talle beroemde kunstenaars, soos Eben Leibrandt (1915-2007), en outeur Hymme Weiss (1910-2001) is ook van Graaff-Reinet afkomstig.
- Andrew Geddes Bain (1797 – 1864), wat 18 bergpasse gebou het, insluitend Bainskloofpas, Mitchellspas, Oubergpas en Van Ryneveldpas, het meer as drie jaar lank op Graaff-Reinet gewoon. Sy seun, Thomas Charles Bain (1830-1893) het 24 bergpasse gebou.
- Professor James Leonard Smith (1897 – 1963) was die beroemde Suid-Afrikaanse igtioloog wat die eerste persoon was om 'n selakant te vang, 'n vis wat lank deur ewolusioniste as uitgesterf beskou is.
- Dr. Sydney Rubidge (1887 – 1970) het 'n fossielmuseum, wat as die beste privaatversameling van Karoofossiele in die wêreld beskou word, gebou en in stand gehou.

Monumentaal

Graaff-Reinet is die tuiste van meer nasionale monumente as enige ander dorp of stad in Suid-Afrika. Die Vallei van Verlatenheid, 'n geologiese verskynsel van verweerde ysterklippilare, is naby Graaff-Reinet. Dit is ook die vyfde oudste dorp in Suid-Afrika, ná Kaapstad, Stellenbosch, Paarl en Swellendam. ■

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling, historikus en outeur. Skakel 021 689 4480;* mission@frontline.org.za; www.ReformationSA.org

HEEL LINKS: Andries Pretorius Monument. LINKS: Dié monument is opgerig vir die boere wat gesneuwel het tydens die Anglo-Boereoorlog